Hoërskool **Labori** High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042
Faks / Fax (021) 872 7810
E-pos / E-mail ontvangs@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

PROSEDURE EN WERKSWYSE T.O.V. AANSOEKE OM TOELATING TOT HOëRSKOOL LABORI VIR 2025

Aansoeke vir 2025 open op 11 Maart en sluit op 12 April 2024.

ALLE aansoeke om toelating tot Hoërskool Labori vir 2025 moet op die volgende wyse geskied:

1. Ouers registreer Aanlyn by die WKOD: https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions

2. Ouers verifieer hul kinders se besonderhede op die WKOD stelsel en doen aanlyn aansoek vir hul kinders. Ouers oefen ook hul keuse van skole uit. M.a.w. as Labori u eerste keuse is, dui dit so aan op die WKOD stelsel. Ouers moet verseker dat die aanlynaansoeke volledig, met alle vereiste addisionele dokumente soos deur die WKOD vereis, gedoen word.

3. Kontak die skool vanaf 1 Februarie 2024 en maak ‘n afspraak vir u kind vir die aflê van ‘n Tegniese Insigtoets. Hierdie is ‘n verpligte toets vir al die leerders wat aansoek doen om toelating tot Gr. 8.

4. Voltooi ‘n harde kopie van die registrasie vir Tegniese Insigtoets om ‘n afspraak te maak vir u kind.

Die **VOLLEDIG** voltooide registrasie moet vroegtydig ingedien word by die skool om ‘n afspraak vir die aflê van ‘n toets te verseker. **GEEN** laat aansoeke sal tydens die eerste rondte van aansoeke oorweeg word nie en sulke aansoeke sal eers tydens die tweede rondte aansoeke ná 19 Junie 2024 in aanmerking geneem word. **Aanlynaansoeke wat tussen 11 Maart en 12 April 2024 ontvang word, is slegs ‘n voorlopige aansoek en sal saam met die Gr. 7 rapport van 1ste kwartaal (Maart 2024) en die uitslag van die verpligte Tegniese Aanlegtoets, wat afgelê moet word, oorweeg word vir keuring.**

Die aanlegtoets se uitslag is slegs vir die skool ‘n aanduiding of die kind wél ‘n kandidaat is vir die tegniese studierigting óf vir die gewone studierigting. Die toets se uitslag alleen, kan nie u kind kwalifiseer of diskwalifiseer vir toelating nie. Die kriteria en riglyne waarvolgens leerders se aansoeke oorweeg word, verskyn op die skool se webblad onder “Nuwe Aansoeke” (Inligting vir nuwe aansoeke – toelatingsbeleid.)

Ouers sal ingelig word aangaande die uitslag van die aansoek tussen 29 Mei en 3 Junie 2024. Aangesien ons die laaste paar jaar al meer as dubbeld die hoeveelheid aansoeke ontvang het as wat ons kan toelaat, gaan daar beslis onsuksesvolle aansoeke wees en moet ouers vroegtydig by meer as een skool aansoek doen, ten einde te verseker dat u kind wel volgende jaar ‘n plek in ‘n Hoërskool gaan hê. Die feit dat ‘n gesin alreeds ‘n ander kind in die skool het, óf dat die ouer ‘n oudleerder is óf dat Labori die naaste skool is, kan ongelukkig nie ‘n plek by die skool verseker nie.

Ouers wat ingelig word dat die aansoek suksesvol was, moet die kind se inskrywing tussen 29 Mei en 14 Junie 2024 skiftelik bevestig by die skool, sowel as aanlyn bevestig. Toelatings wat teen hierdie datum nog nie bevestig is nie, sal verval en met leerders wat reeds op die waglys is, vervang word.

Kontak gerus die skool indien u enige vrae het t.o.v. die Toelatingsprosedures.

Vriendelik die uwe

J BATT
SKOOLHOOF